


Ons gee die hoeveelheid brei- en
hekelgaring aan soos benodig indien dit
aangekoop gaan word, maar dit is ook
moontlik om oorskietgaring te gebruik

Met komplimente
van ROOIROSE

KOMBERSE HOU JOU BESIG EN WARM!



MET AKKERMOTIEF

Bylan by ROOIROSE, 5 Mei 1982 1

AFKORTINGS: Breiwerk: r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek (steke); ks – koussteek; gl – glip; gs – glipsteek; oks – omgekeerde koussteek; herh – herhaal; weersk – weerskante; RK – regte kant; VK – verkeerde kant; beg – begin; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; m 1 – maak een steek deur garing om naald te slaan; rs – reksteek; vlg – volgende
Hekel: ks – kettingsteek; kb – kortbeen; hlb – halflangbeen; lb – langbeen; dsl – dubbelslagsteek; goh – garing om hekelpen; krap-st – krapsteek (= kortbeen van links na regs); herh – herhaal; gp(e) – groep (groepe); ls(e) – lus (lusse); grh – garing rondom hekelpen; sp(s) – spatie (spasies)

AFWERKING: Met regte kant van werk na voor, begin by 'n hoek en hekel 1 rondte kb oor rand met grys. Onthou dat elke hoek bestaan uit 3 kb en eindig met 1 ks in eerste kb. Hekel dan 1 rondte krap-st en eindig met 1 gs in 1e st.

Knip garing af en heg netjies af. ●

MET SMAL, GEWEEFDE STROKE

BENODIGDHEDE: Fiesta Kwik-Knit, 520 g donkerblou; 520 g ligblou; 520 g donkerpienk; 520 g rooi; breinaalde van 4,50 mm; hekelpen van 4,50 mm.

MET AKKERMOTIEF

BENODIGDHEDE: Ongeveer 1,2 kg Fiesta Kwik-Knit, rooi, en 1,2 kg grys, deurgaans dubbel gebruik; hekelpen van 7 mm.

SPANNING: Die spanning moet oor langbene getoets word – 11 lb en 4 rye = 10 x 10 cm.

MATE: Die voltooide kombers is 1,25 x 2,25 m groot.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

LET WEL: Om kleure te wissel, hekel die laaste langbeen in die eerste kleur, maar in plaas daarvan om die laaste lus in dieselfde kleur deur te trek, gebruik die tweede kleur om die langbeen te voltooi.

AANWYSINGS: Met grys, hekel 122 ks.
1e ry: Basisry: 1 kb in tweede ks vanaf pen; * 1 kb in elk van die volgende 2 ks, 1 hlb in vlg ks, 1 lb in elk van vlg 2 ks, 2 ks*; herh van * tot * en in die laaste herh laat die laaste 2 ks weg; draai.

2e ry: 1 ks (vir eerste kb), *slaan 5 ste oor, 4 lb, 2 ks en 1 kb in 2-k-sp*; herh van * tot * en eindig met 4 lb in laaste st.

Slaan oor na rooi aan einde van ry. Draai.

3e en 4e ry: Met rooi hekel 1 ks (vir eerste kb), *slaan 5 ste oor, 4 lb, 2 ks en 1 kb in vlg 2-k-sp*; herh van * tot * en eindig met 4 lb in laaste st. Draai.

Verwissel elke twee rye van kleur en herhaal 4e en 5e rye deurgaans totdat kombers 2,25 m lank is. Knip garing af en heg af.



MATE: Die voltooide kombers is 150 x 260 cm groot.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Hierdie kombers bestaan uit 72 stroke wat dwars lê (36 donkerblou, 36

ligblou) en 36 stroke (13 donkerpienk, 13 rooi) wat oorlangs lê en wat deur die blou stroke geweef word. Die donker- en ligblou stroke word deurgaans afgewissel, en dieselfde gebeur met die donkerpienk en rooi stroke. Vir een strook gaan soos volg te werk: Stel 9 ste op en brei deurgaans rs. Die blou stroke moet 150 cm lank wees terwyl

die donkerpienk en rooi stroke 260 cm lank moet wees.

Weef die stroke ineen soos op die foto gesien kan word en onthou om die kleure af te wissel.

Met rooi, hekel 1 rondte kb om buitenste rand van kombers en eindig met sluit-gs in eerste kb. ●

MET SMAL, GEWEEFDE STROKE



MET KABELREGHOEKE

BENODIGDHEDE: *Fiesta Kwik-Knit*, 500 g donkerbeige, 500 g naaswit; breinaalde van 7,50 mm; bypassende kabelnaald; borduurnaald met ronde punt Nr. 14. Die breigaring word deurgaans dubbel gebruik.

MATE: Die kombers is saamgestel uit 12 reghoeke. Die presiese grootte hang af van die spanning van jou breiwerk.

SPANNING: 11 ste en 21 rye oor reksteek en 11 ste en 15 rye oor omgekeerde koussteek met garing dubbel = 10 x 10 cm.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

Kabelpatroon, gebrei oor 6 rye. **1e-5e ry:** Brei 4 ste ks op 'n agtergrond van oks. **6e ry:**

oks tot by die 4 ks-steke, plaas 2 ste op kabelnaald, brei 2 ste, brei ste vanaf kabelnaald.

AANWYSINGS: Daar is 6 donkerbeige en 6 naaswit reghoeke.

DONKERBEIGE REGHOEK: Stel 34 ste op en brei 58 rye rs. Heg af.

NAASWIT REGHOEK: Stel 34 ste op en verdeel só: 6 ste oks, 4 ste ks, 5 ste oks, 4 ste ks, 5 ste oks, 4 ste ks, 6 ste oks.

By die reghoeke wat die linkerrand van die kombers sal vorm moet die laaste 2 ste deurgaans rs gebrei word, terwyl by dié wat die regterrand sal vorm, moet die eerste 2 ste deurgaans rs gebrei word.

Die naaswit reghoeke wat die onderste rand vorm se eerste 4 rye moet rs gebrei word, terwyl dié wat die borand sal vorm se laaste 4 rye rs gebrei moet word. Die middel-

ste reghoeke kry geen rs-rand nie.

AFWERKING: Met donkerbeige breigaring en die borduurnaald moet al om die buiterand van die naaswit kables geborduur word om dit te laat uitstaan. Op die donkerbeige reghoeke word met naaswit breigaring in halwe kruissteek twee reghoeke geborduur — die eerste oor die 5e en 6e rye, wat twee steke aan rand laat, en 'n tweede reghoek binne-in die eerste, wat oor die 9e en 10e rye geborduur word. Werk die reghoeke met naald en garing aanmekaar in 'n skaakbordpatroon.●

KUSSING

Brei die kussing interessantheidshalwe met die kleure andersom: donkerbeige vir die reghoeke met kabelpatroon en naaswit vir die reksteekreghoeke.

Werk af soos reeds uiteengesit.●



MET KABELREGHOEKE

MET SEBRASTREPE

BENODIGDHEDE: *Fiesta Kwik-Knit* deurgaans dubbel gebruik; wynrooi 1,2 kg; beige 1,2 kg; hekelpen van 7 mm.

SPANNING: 11 lb en 5 rye = 10 x 10 cm.

MATE: Die kombers is ongeveer 2,30 x 1,35 m groot en bestaan uit 3 breë stroke. Om die kombers breër te maak, kan 'n getal ks met 'n veelvoud van 4 in die basisry bygevoeg word.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Om van kleur te verwissel, hekel die laaste langbeen in die eerste kleur, maar in plaas daarvan om die lus van die langbeen in dieselfde kleur deur te trek,

trek 'n lus van die tweede kleur deur om die langbeen te voltooi.

SYSTROKE: (Hekel 2)

Beginry: Met wynrooi, hekel 35 ks.

1e ry: 1 kb in derde ks vanaf pen, *slaan 1 ks oor, 5 lb in vlg ks, slaan 1 ks oor, 1 kb in vlg ks*; herh van * tot * deurgaans tot einde van ry. Draai.

2e ry: 3 ks, *grh, steek hekelpen in lb, grh en trek lus deur, grh en trek garing deur 2 lusse op hekelpen*; herh van * tot * twee keer, grh en trek garing deur 3 lusse op pen — trek garing tot dieselfde lengte van lb-gp; **2 ks, 1 kb in derde lb; herh van * tot * in vlg 4 lb, grh en trek lus deur 5 lusse op pen **; herh tot einde van ry en eindig met 1 ks, en 1 kb in vlg st; draai.

3e ry: Slaan oor na beige, 3 ks, 2 lb in dieselfde st, *1 kb in kb, 5 lb in middel van waaier* en eindig met 1 kb in kb, 3 lb in laaste st; draai.

4e ry: 1 ks, 1 kb in dieselfde st; herh van ** tot ** van 2e ry, en eindig met 2 ks, 1 kb in 3-ks-ls.

5e ry: Slaan oor na wynrooi, 1 ks, herh van * tot * van 3e ry, en eindig met 1 kb in laaste st.

Herh hierdie 5 rye totdat strook 2,3 m lank is en onthou om elke 3e ry van kleur te verwissel (d.w.s. werk 2 rye met elke kleur).

MIDDELSTROOK: **Beginry:** Begin met beige in plaas van wynrooi en hekel 75 ks.

Gaan presies soos vir systrook voort, totdat strook 2,3 m lank is.

AFWERKING: Werk die systroke en die middelstrook aan mekaar vas. Met RK van werk na voor, heg garing aan een hoek vas en hekel een rondte kb; 1 kb in elke st en 3 kb in elke hoek; eindig met sluit-gs in eerste kb. Hekel een rondte krap-st en eindig met sluit-gs.

Knip garing af en heg af. ●

MET SEBRASTREPE



MET BREË, GEWEEFDE STROKE

BENODIGDHEDE: *Fiesta Kwik-Knit*, 640 g geel, 640 g oranje, 640 g rooi, 640 g groen; breinaalde van 4,5 mm; hekelpen van 4,50 mm.

MATE: Die voltooide deken is ongeveer 260 x 170 cm groot. Die middelste deel is 200 x 78 cm, die afhangende kante is 50 cm breed.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Hierdie deken word van gebreide stroke wat almal 9 ste breed is, geweef. Die stroke is van verskillende lengtes soos volg gerangskik:

Middelstuk: Vir horisontale strepe moet 27 rooi en 27 geel stroke van 78 cm lank gebrei word en vir vertikale strepe moet 10 oranje en 10 groen stroke van 200 cm lank gebrei word.

Lang sykante: Vir die afstrepe moet 56 groen en 52 geel stroke van 50 cm lank gebrei word, en vir die dwarsstrepe moet 10 rooi en 10 geel stroke van 260 cm lank gebrei

word wat van die koppenent af deurgeweef word.

Die eindpunte hang los tot later.

Voetenent: Vir die afstrepe moet 10 rooi en 10 geel stroke van 50 cm lank gebrei word. Vir die dwarsstrepe moet 6 oranje en 4 groen stroke van 170 cm gebrei word wat deur die loshangende punte van die eerste groep lang sykantstroke geweef word, dan deur die voetenentstroke en laastens deur die oorblywende groep lang sykantstroke aan die ander kant van die deken.

Wanneer al die stroke gebrei, deurgeweef en vasgewerk is, word met rooi 'n rondte kb om die deken gehekel. ●

MET SNEEUSTROKE

BENODIGDHEDE: *Pingouin Classic 4-draad*: ongeveer 300 g beige (nr. 20); 600 g bruin (nr. 27); en 100 g wit; vir die tweedeffek gebruik die beige en die bruin saam; garing word deurgans dubbel gebruik; paar breinaalde van 5,50 mm; bypassende tapisserie-naald en katoennaagaring; 165 x 140 cm tweedstof.

SPANNING: 15 ste en 20 rye = 10 x 10 cm oor koussteek.

MATE: Die voltooide kniekomers is 100 x 160 cm groot en dit bestaan uit ruite en reghoeke wat aan mekaar vasgewerk is.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

RUITE: Stel 30 ste op en brei ks. Vermin 1 st aan einde van elke RK-ry en aan begin van elke VK-ry, **terselfdertyd** vermeer 1 st aan einde van elke VK-ry en 1 st aan begin van elke RK ry. Brei 32 rye en heg af.

Gebruik beige en bruin saam om 10 ruite te brei en brei nog 10 ruite met bruin (gebruik garing dubbel).


REGHOEKE: Stel 10 ste op en brei ks vir 48 rye. Heg af. Gebruik wit deurgaans dubbel en brei 13 reghoeke. Met beige dubbel, brei 11 reghoeke.

AFWERKING: Werk die ruite en die reghoeke aanmekaar (raadpleeg diagram). Om die kniekomers te voltooi, brei onvolledige ruite en reghoeke soos benodig en werk hulle aan die volledige ruite en die volledige reghoeke vas (raadpleeg diagram).

OMRANDING: Knip uit tweedstof 2 stroke van 25 x 165 cm en 2 stroke van 25 x 105 cm. Vou die stroke oorlangs dubbel, met ver-



MET BREË, GEWEEFDE STROKE



MET SNEEUSTROKE


keerde kante opmekaar, en vou rafelrande na binne om. Verstek hoeke (raadpleeg foto). Plaas rande van breiwerk tussen rande

van gevoude stroke en ryg vas. Stik netjies deur al die lae rondom vas op rand van tweedomranding. ●

A — bruin
B — een draad
beige en een draad bruin
saamgebrei
C — wit
D — beige

DIAGRAM GEWEEFDE STROKE

DIAGRAM SNEEUSTROKE





'N KNEI KOMBERS

BENODIGDHEDE: 600 g bruin Patons Gemstone 4-draad; 400 g beige Dolphin-kegelgaring Nr. 5; een paar elk breinaalde van 3 mm en 4 mm; bypassende kabelnaald.

MATE: Die voltooide kniekomers is 90 x 120 cm groot.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie. Slegs van toepassing op hierdie deken: kn - kabelnaald; knv - kabelnaald aan voorkant van werk; kna - kabelnaald aan agterkant van werk.

Diamantmotief: Word oor 'n veelvoud van 8 ste en 8 rye gebrei.

1e en alle onewe rye: aw.

2e ry: *gl 2 ste op kna, r 2 ste, r die 2 ste van kn; glip vlg 2 ste op knv, r 2, r die 2 ste van kn*; herh tot einde.

4e ry: r.

6e ry: *gl 2 ste knv, r 2, r die 2 kn-ste; gl vlg 2 ste kna, r 2, r die kn-ste*; herh tot einde.

8e ry: r. Dié 8 rye vorm die patroon.

GROOT VIERKANT (6): Met 4-mm-breinaalde en bruin, stel 74 ste op (dit maak breiwerk ongeveer 20 cm breed) en brei diamant-pat tot werk 20 cm lank is. Heg af. Slaan oor na beige en met garing dubbel, tel 49 ste op oor een kant, brei rs, vermeer 1 st aan weersk van elke RK-ry, 10 keer. Heg af.

die ste in vlg ry af.

Brei die vlg 3 kante op dieselfde manier, werk met naald en garing af.

KLEIN VIERKANT (24): Met 4-mm-breinaalde en bruin, stel 42 ste op (dit maak breiwerk ongeveer 10 cm breed) en brei 10 cm in diamant-pat. Heg af.

Met 3-mm-breinaalde en beige en garing dubbel, tel 26 ste oor een kant op, brei 2 cm rs, vermeer 1 st aan weersk van elke RK-ry, 4 keer. Heg af die ste in vlg ry af. Voltooi vlg 3 kante op dieselfde manier, werk met naald en garing af.

AFWERKING: Werk klein vierkante vier-vier aanmekaar om 6 groot vierkante te vorm. Werk die kniekomers verder af soos op foto gesien kan word. ●

MET SIGSAGONTWERP

BENODIGDHEDE: Pingouin Classic 4-draad: 200 g ligbruin, kleur nr. 22, 200 g donkerbruin, kleur nr. 27, 300 g terracotta, kleur nr. 58 en 300 g naaswit, kleur nr. 25; breinaalde van 5,50 mm; tapisserienaald nr. 16; katoennaagaring nr. 50; 1,6 m Tweed-materiaal van 140 cm breed in bypassende kleur.

MATE: 100 x 155 cm.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Die kombers word saam-gestel uit reghoeke van verskillende kleure. Die garing word deurgaans dubbel gebruik, maar vir die tweedvoorkoms word 1 draad van kleur nr. 22 met 1 draad van kleur nr. 27 gekombineer. Die omranding is van materiaal en in sommige gevalle sal 'n deel van 'n reghoek binne die omranding val. Vir die kleinste opvulstukkies moet driehoekies soos benodig gebrei word.



Daar is 40 reghoeke met tweedvoorkoms, 30 naaswit reghoeke, 3 naaswit halwe reghoeke en 30 terracottakleurige reghoeke.

Vir reghoeke stel 10 ste op en brei 18 cm ks (36 rye). Heg af. Vir die meeste opvulstukkies word 12 cm soos vir reghoek gebrei, heg dan 10 keer 1 st af aan dieselfde kant om punt te vorm.

AFWERKING: Werk die reghoeke volgens diagram in stroke aanmekaar. Die volgorde is soos volg: tweed, terracotta, beige, tweed, beige, terracotta, tweed, terracotta, beige, eindig met tweed.

Werk opvulstukkies in waar nodig.

OMRANDING: Knip 2 stroke van 25 cm breed en 160 cm lank en 2 stroke van 25 cm breed en 105 cm lank uit materiaal. Vou die stroke dubbel en verstek die hoeke (raadpleeg diagram). Speld dit aan kombers vas en stik netjies vas. ●



MET SIGSAGONTWERP



MET MANDJIEPATROON

MET MANDJIEPATROON

BENODIGDHEDE: 700 g beige Patons Gemstone 4-draad; 1 keël ligbruin Dolphin-hekelgaring Nr. 5; hekelpen van 3,5 mm.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

Halflangbeensierpatroon: 1e ry: Hekel 'n ewe getal ks plus 1 draai-ks.

2e ry: 1 hlb in elke ks.

3e ry: *1 hlb in agterste ls van vlg st, 1 hlb in voorste ls van daaropvlg st*.

4e ry: *1 hlb in voorste ls van vlg st, 1 hlb in agterste ls van daaropvlg st*.

5e en daaropvlg rye: Herh 3e en 4e ry.

Halflangbeenreliëfpatroon: *grh, steek pen horisontaal tussen 1e en 2e lb van vorige

ry in en steek dit weer uit tussen 2e en 3e lb, grh, trek ls deur, grh en trek deur 2 lse, grh en trek deur 2 lse*; hierdie steek kan vanaf die voorkant of agterkant van werk gehekel word, volg aanwysings in patroon.

Mandjiesteeke: 1e ry: Hekel 'n ketting met 'n veelvoud van 8 ste plus 3 draai-ks.

2e ry: 1 lb in elke ks, 3 draai-ks.

3e en 4e ry: *In elk van die vlg 4 lb, hekel 1 lb maar steek pen in langs agterkant van werk; in elk van die daaropvlg 4 lb word pen langs voorkant van werk deurgesteek*. Herh van * tot * en eindig met 3 draai-ks.

5e, 6e en 7e ry: *1 lb in elk van vlg 4 lb, steek pen voorlangs in; 1 lb in elk van daaropvlg 4 lb, steek pen agterlangs in*; herh van * tot *.

AANWYSINGS: Die komsers bestaan uit 12 reghoeke in mandjiesteeke met 'n breë strook in die middel. Hekel eers die reghoeke.

Reghoek (hekel 12): Met beige, hekel 44 ks en werk in mandjiesteeke vir 25 rye. Knip garing af en werk netjies af.

Middelste strook: Met beige, hekel 132 ks en werk voor in halflangbeensierpatroon vir 16 rye. Knip garing af en werk netjies af.

AFWERKING: Met naald en garing, werk die reghoeke aanmekaar om twee pante van 3 x 2 reghoeke te vorm. Werk die middelstrook daarna tussen die twee pante vas.

OMRANDING: Met ligbruin dubbel, hekel 7 rondtes halflangbeensierpatroon, vermeer 2 ste by elke hoek op elke rondte. Slaan oor na beige garing en hekel 7 rondtes op dieselfde wyse. Slaan weer oor na ligbruin en met garing dubbel, hekel nog 7 rondtes. Knip garing af en heg af. ●

VIERKANTE MET GEKLEURDE MIDDELPUNTE

BENODIGDHEDE: *Pingouin Classic 4 draad; ongeveer 250 g beige (nr. 20) en 250 g ligbruin (nr. 22) wat deurgaans saam gebruik word. 500 g ligbruin (nr. 22) deurgaans dubbel gebruik, 100 g bruin (nr. 27) ook dubbel gebruik; 'n paar breinaalde van 5,50 mm; bypassende tapisserienaald en katoennaagring; 165 x 140 cm tweekleurige wolstof met bypassende kleure.*

MATE: Die voltooide kniekombers is 100 x 160 cm groot en dit bestaan uit vierkante en driehoeke wat aan mekaar vasgewerk word.

SPANNING: 15 ste en 20 rye = 10 x 10 cm oor koussteek.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Wanneer van kleur verwissel moet die garing aan die agterkant van die werk gekruis en inenge draai word om gate te voorkom. Gebruik afsonderlike bolle garing wanneer van kleur verwissel word om lang, los stukke garing aan die agterkant van die werk te voorkom.

VIERKANTE: Met die beige en die ligbruin garing tesame, stel 28 ste op en brei 4 rye ks. Raadpleeg dan die diagram vir die jacquard-breierwerk.

Brei 23 vierkante op dié wyse.


DRIEHOEKE: Met die beige en die ligbruin garing stel 28 ste op en gaan te werk soos vir die vierkante, maar vermin 1 st aan einde van RK-rye en 1 st aan begin van VK-rye totdat al die steke afgebrei is (die afskuinsing is na die linkerkant). Brei 8 driehoeke op dié wyse om die lang rande te voltooi.

Brei nog 4 driehoeke op dié wyse, maar vermin 1 st aan begin van RK-rye en 1 st aan einde van VK-rye (afskuinsing na regterkant). Gebruik hierdie 4 driehoeke om kort rande te voltooi. Brei nog 4 kleiner driehoeke om die 4 hoeke te voltooi.

AFWERKING: Werk vierkante aan mekaar en sorg dat steke in dieselfde rigting lê (raadpleeg diagram).

Werk driehoeke aan vierkante vas om 4 rande te voltooi. Werk dan kleiner driehoeke aan vierkante vas om hoeke te voltooi en sorg dat steke van rigting verwissel.

OMRANDING: Knip uit wolstof 2 stroke van 25 x 164 cm en 2 stroke van 25 x 104 cm. Vou die stroke oorlangs dubbel, met verkeerde kante op mekaar, en vou rafelrande na binne om. Verstek hoeke (raadpleeg foto). Plaas rand van breiwerk tussen rande van gevoude stroke en ryg vas. Stik netjies deur al die lae rondom vas op rand van wolstofomranding. ●



VIERKANTE MET GEKLEURDE MIDDELPUNTE

MET TARENTAALMOTIEF

BENODIGDHEDE: 1 kg beige en 1 kg rooibruin Fiesta Kwik-Knit; hekelpen van 7 mm. Die garing word deurgaans dubbel gebruik.

MATE: Die voltooide deken is 1,24 x 2,20 m groot.

SPANNING: 11 ste en 6,5 rye = 10 x 10 cm.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Dié deken bestaan uit drie lang stroke.

Wanneer van kleur verwissel word terwyl kortbeen gehekel word, moet so te werk gegaan word: Hekel die laaste steek in die eerste kleur deur die pen in die volgende steek te steek, trek die lus deur, laat val die

eerste kleur, neem die tweede kleur op en voltooi die steek met hierdie kleur.

Wanneer van kleur verwissel word terwyl langbeen gehekel word, gaan jy op dieselfde wyse te werk deur met die laaste deurtrek van die garing van kleur te verwissel.

BUITENSTE STROKE (eenders)

Beginry: Met rooibruin, hekel 54 ks.

1e (basis)-ry: 1 lb in 6e ks vanaf hekelpen, (want 5 ks vorm 1 lb plus 2 ks = 1 sp), *1 ks, 1 lb in vlg ks, slaan 2 ste oor, 1 lb in vlg ks*; herh van * tot *, verwissel van kleure aan einde van ry en draai.

2e ry: Met beige, 1 ks (= 1 kb), 2 kb in vlg 1-ks-sp, 1 ks, * slaan 2 ste oor, 2 kb in vlg sp, 1 ks*; herh van * tot *, eindig met 1 kb, verwissel van kleur in vlg lb; draai.

3e ry: Met rooibruin, 3 ks vir 1e lb; (1 lb, 1 ks, 1 lb) in vlg 1-ks-sp, * slaan 2 ste oor, (1 lb, 1 ks, 1 lb) in vlg 1-ks-sp*; herh van * tot * tot einde van ry, draai.

4e en daaropvlg rye: Herh 2e en 3e ry tot strook 2,18 m lank is.

MIDDELSTE STROOK: Beginry: Met beige, hekel 39 ks.

1e (basis)-ry: 1 kb in 2e ks vanaf hekelpen, *1 ks, slaan 2 ks oor, 2 kb in vlg ks*. Herh van * tot * tot einde van ry en verwissel van kleur, draai.

2e ry: Met rooibruin, 3 ks vir 1e lb; *(1 lb, 1 ks, 1 lb) in vlg 1-ks-sp, slaan 2 ste oor; herh van * tot * eindig met (1 lb, 1 ks, 1 lb) in laaste kb, verwissel van kleur, draai.

3e ry: Met beige, 1 ks vir 1e kb, *2 kb in vlg 1-ks-sp, 1 ks, slaan 2 ste oor*; herh van * tot * tot einde, eindig met 1 kb in laaste st, verwissel van kleur, draai.

4e en daaropvlg rye: Herh 3e en 4e ry tot werk 2,18 m lank is.

AFWERKING: Werk dit twee systroke aan middelste strook vas. Met RK voor en rooibruin, begin in 'n hoeksteek en hekel 1 rondte kb rondom deken, met 3 kb in elke hoek. Eindig met gs in 1e kb.

2e rondte: Hekel krap-st rondom deken, eindig met gs in 1e steek. Knip garing af en werk netjies af.

